# Die 10 Gebooie

## INSTRUKSIES:

Is julle reg om te hoor wat die 10 reëls was? Ek dink julle moet saam met my staan en dan gaan ons dit als leer met bewegings.

1. **Daar is net een God. Jy mag nie ander gode behalwe vir My hê nie**. (Hou een vinger op)

2. **Jy mag nie 'n afgod of 'n teken maak, voor dit kniel, en dit God noem nie**. (Hou net jou linker en regter wysvingers op. Buig nou die een vinger op en af soos iemand wat kniel voor 'n afgod. Onthou 'n afgod is iets wat vir ons belangriker is as God.)

3. **Jy mag My Naam, nie verkeerd of as 'n vloekwoord gebruik nie**. (God is 'n Drie Eenheid. God die Vader, Jesus en die Heilige Gees. Hou drie vingers op en wys na elke vinger soos jy die Drie Eenheid noem. Bring dit nou na jou mond toe en plaas dit voor jou mond.)

4. **Werk ses dae van elke week, en rus op die rusdag**. (Hou vier vingers van een hand op. Maak asof die vier vingers nou 'n kussing is en lê met jou kop op die vier vingers.)

5. **Eer jou pa en jou ma**. (Hou een hand se vyf vingers op. Plaas dit nou op jou voorkop dat dit soos 'n kroon lyk.)

6. **Jy mag nie moord pleeg nie**. (Ses rym met mes. Hou vyf vingers op en dan die duim van die ander hand. Vou jou vyf vingers om die hand wat net die duim wys. Maak nou asof dit 'n mes is en druk dit na jou bors toe.)
7. **Julle mag nie julle mans of vrouens sommer net so los as julle getroud is nie**. (Hou vyf vingers van een hand op en dan wysvinger en middelvinger van jou ander hand. Laat die wysvinger en middelvingers om mekaar vou. Hulle bly by mekaar.)

8. **Jy mag nie steel nie**. (Hou weer die een hand op en dan wysvinger, middelvinger en ringvingers van ander hand. Maak jou ander hand gryp daardie vingers om met dit weg te dra.)

9. **Jy mag nie jok nie**. (Maak asof jy iets agter jou rug wegsteek en skud jou kop. As ons iets verkeerds gedoen het, dan wil ons dit mos wegsteek en maak ons het niks gedoen nie.)

10. **Julle mag nie wens julle het iets wat iemand anders s'n is nie: soos iemand se huis, of sy kar of sy geld of speelgoed of enige iets van hom nie.** (Hou albei hand op en maak nou jy gryp na goed in die lug.)

# Die 10 Gebooie



### 1ste Gebod

Daar is net EEN God, jy mag geen ander gode behalwe My hê nie!



### 2de Gebod

Jy mag nie 'n afgod of 'n teken maak, voor dit kniel, en dit God noem nie



### 3de Gebod

Jy mag My Naam, nie verkeerd of as 'n vloekwoord gebruik nie.



### 4de Gebod

Werk ses dae van elke week, en rus op die rusdag



### 5de Gebod

Eer jou Pa en jou Ma




### 6de Gebod

Jy mag nie moord pleeg nie.



**7de Gebod**

Julle mag nie julle mans of vrouens net so los as julle getroud is nie.



**8ste Gebod**

Jy mag nie steel nie



**9de Gebod**

Jy mag nie jok nie



**10de Gebod**

Julle mag nie wens julle het iets wat iemand anders s'n is nie.